

Habari 2001

Newsletter of the Friends of East Africa
Nuusbrief van die vriende an Oos-Afrika



Op Mount Elgon

Van links na regs, Flippie Mouton, Alec Boshoff, Gideon Brits, Hasie Fouché, Jan Boshoff, Fairy Engelbrecht Jnr, Chris en Piet Odendaal, oom Fairy Engelbrecht, Eddie en Elma Rademeyer.

Foto deur oom Abraham Mouton (oom Abraham het reeds in die vroeë sestigs sy eie kleurfoto's geneem en ontwikkel)

HABARI 2001

Newsletter of the Friends of East Africa
Nuusbrief van die Vriende van Oos-Afrika

Habari Ya Siku Kuu 2001

Soos ons voorsien het op ons 2000 byeenkoms, was dit ons laaste by die Roodeplaat-terrein. Maar politiek kon nie aan ons datum torring nie. Ons afspraak is steeds die eerste Saterdag van Oktober (vanjaar 6 Oktober). Ons vergaderplek is egter, vir die eerste jaar van die nuwe millenium, en heel toepaslik, die Voortrekker Monument. Kom ons kyk of ons die ongeveer 35 jaar wat ons aan die einde van die vorige millenium vergader het, in die nuwe een kan oortref.

Baie dankie aan Janssen Davies (Sage Life) en Krige van Heerden wat baie tyd bestee het aan die soektog na 'n nuwe terrein, en ook aan Estelle Pretorius (dogter van prof P G Nel, oud-onderwyser aan die Prince of Wales Skool en jare lank 'n steunpilaar in die OA komitee) wat die reëlings vir ons byeenkoms by die Monument getref het. Ons vergaderplek is die piekniekterrein bokant die Amfiteater en noord-oos van die Monument. Daar is pragtige Kareebome vir koelte en dans ook 12 groot braaiplekke. Die toegangsgeld om die piekniekterrein te gebruik, is betaalbaar by die hoofingang in Eeu feesweg en beloop slegs R5 per motor of minibus, ongeag die aantal insittendes.

Die persone wat so 'n tydjie tussen die groot gesels en lekker kuier kan afknyp, en 'n ekstratjie wil betaal, sal dit ook geniet om die nuwe ontwikkelings by die Monument te ervaar: die hysbak binne-in die Monument, die Anglo-Boereoorlog Museum in Fort Schanskop, die

natuurreservaat, perderitte vir die jonges, en so aan.

Die pad ken ons almal goed. Ons sien mekaar daar op 6 Oktober 2001.

'N BAIE GROOT DANKIE AAN ONS BORGE

Janssen Davies, Hoof Uitvoerende Beampte van Sage Life (en seun van die bekende Eldoretters, Thys en Martie Davies) wat al ons posgeld geborg het.

Krige van Heerden (ook van Eldoret) wat gesorg het dat daar genoeg afskrifte van ons Nuusbrief was om te pos.

OOS-AFRIKA VRIENDEKOMITEE

Alex Boshoff, Voorsitter. Bus 21 DERDEPOORTSPARK 0035 012.8085353

Danie Steyn, Ondervoorsitter. Bus 14386 DERSLEY, SPRINGS 1569. 011.3661747. Sel 083 271 6378

Eddie de Waal. Redakteur.
012.3792604. Keeromstr 628 HERCULES 0082

Krige van Heerden. Bergin 709, Florauna, Pretoria-Noord, 0182. Sel 082 451 7874

Ds Piet Grober, Bus 10, CLARENS 97097. Tel 058.2561007

Mrs Emma Stow, Belrene Str 14, RIETONDALE 0843 (012.329-4177)

Prof PG Nel Bus 421, NYLSTROOM 0510 (Zebrapark 14). (014.7172600)

SKOOLDAE IN ELDORET EN NAIROBI

Wie onthou Mr Hunter van die Central Primary Schoo? En wie kan onthou wat gebeur het met die seuns se dormitory toe Mr Hunter die bye daar uitgehaal het? As ek dit reg het, het hy die plek aan die brand gesteek.

Die skool was op pad in Eldoret in van die oostekant af, naby die spoorlyn

Party Saterdagaande het Mr Hunter vir ons bioskoop gehou – in die jare dertig op Eldoret was dit nog stilprente, al was daar reeds films met klankbane van 1929 af – Charlie Chaplin en Popeye ook. Mr Hunter het wit hare gehad en sy kantoor was bo, op die eerste verdieping. Daar het hy 'n hond aangehou – 'n swart poedel - wat vir ons geblaf het as ons trap-op gegaan het vir klasse, en ons baie bang gemaak het.

Toe die oorlog uitgebreek het, het ons gereeld bomb-drill gehad. Dit het beteken ons moes na die skoolvelde toe loop en onder die bome gaan staan. Maar ek was nog baie jonk, en het glad nie geweet watse ding is 'n bom nie. Ek het my voorgestel dis iets soos 'n papiersak met meel in wat uit die lug uit val. En een van die liedere van die oorlogsjare wat die meeste gesing is, en een wat ek van daardie tyd af onthou, was "Oh God our help in ages past..."

Ons onderwyseres in Sub A was Miss Blair. Sy kon nie Afrikaans praat nie en ons kon aanvanklik nie so goed Engels praat nie. Later eers, na ek klaar was met Sub A, het tant Annetjie Smit gekom en die Sub A's gevat. Sy kon ten minste Afrikaans verstaan. Dan was daar ook nog Miss Watson, Miss Tunstall, mnr Piet Venter, Mrs (Willie) Steenkamp (wat baie kwaai was en, omdat ek dikwels stout was, my baie slae met haar haarborsel gegee het. Die haarborsel was die slaanding wat sy verkies

het.) Mrs Steenkamp se seun Flippie het by haar ingewoon in haar kamers. Mrs Woods was die matrone.

Miss Mercer was ons onderwyseres in standerd 5. Sy het ons dikwels gevat vir prep smiddae, en altyd, as ons huiswerk gedoen het en sy uit moes gaan, sou sy inkom met haar aandklere aan. En as sy daar inkom met haar rooi hare op, en in haar blink rok, was dit vir ons baie spesiaal. Die RAF was destyds daar gestasioneer, dus was daar vir haar baie uitgaankans.

Na ons klaar was met primary school, is ons Nairobi toe gestuur, hoërskool toe. Ons het met die trein gegaan, en die skool was Kenya High School for Girls. Daar was drie baie mooi geboue - dubbelverdiepings - wat ons moes deel met die Nairobi Primary School for Boys. Hulle het almal op 'n hoogte gestaan. En die boonste gebou (die een naaste aan Government House, en baie ver van die ander twee af) was waar die primary school seuns loseer het. Langs die gebou was die speelvelde. Die middelste gebou was die hoërskooldogters se koshuis, en daar het ook party van die dogters van Eldoret af loseer. Die res van ons het in die WAAFs (Women's Auxiliary Air Force) se barakke gebly. Dié het plankmure gehad en was hoog van die grond af gebou. Die baddens was van sink en die wasbakke ook. Die toilette was die ou emmer soort.

Die derde gebou, die onderste een, was die tuition block wat die hoërskooldogters met die primary school seuns gedeel het. Ons het die boonste verdieping gebruik toe ons seniors geword het.

Tussen die speelgronde en die tuition block was ook klaskamers. Die het dubbele mure van whitewashed hessian gehad, plankvloere (hoog van die grond af), en sinkdakke.

Ons Biologie juffrou het iets gedoen wat tot vandag toe nog vir my 'n slegte herinnering is. As ons 'n haas moes dissekteer, het sy die haas uitgesit terwyl ons toekyk. Dit was verskriklik. Sy sou die haas in

'n groot blik sit, en eter ingooi. Dan maak sy die blik toe en dan hoor jy hoe krap die haas aan die binnekant voor hy doodgaan. Agterna moes ons dan die arme ding oopsny en sy binnegoed bestudeer.

By die Hoëskool het ds Louw elke paar maande kom Nagmaal hou. Dan het hy by Emma Stow se ouers oorgebly. As ek reg onthou, het hulle in die stoer kerk gehou en daar Nagmaal bedien. Maar hulle moes ons eers daar kry. Om dit te doen, het hulle die lorries se seile afgehaal, sodat net die lorrie se yster ribbes wys. Dan het hulle eers die seuns gaan haal by Prince of Wales, en dan die Afrikaanse dogter by Girl's High. Op dié lorrie het ons dan regop gestaan terwyl ons aan die staal geraamte vashou, en gesing die hele pad soontoe. As ds Louw nie daar was nie, het ons saam met die Metodiste kerk toe gegaan.,

'n Entjie van die WAAFs se barakke af was daar 'n groot wildevyeboom. Ons het baie daar gaan speel. Dan het ons gehang en geswaai aan een groot tak wat baie ver uitgesteek het, en dan afgespring. Lekker speletjie, maar met een van die afspringe breek Sarah Engelbrecht (later Bouwer) haar arm, want toe sy spring, toe val sy ook. Sy het vreeslik gehuil. Ons dog egter (ons was maar baie dom) haar arm is net uit die potjie uit, en ons trek en trek aan daardie gebreekte arm om dit weer terug in die potjie in te kry. Ek onthou dit tot vandag nog. Arme Sarah.

Wie kan onthou van die Lover's Lane waar die WAAFs en die RAF manne geloop het en gekuier het? En hoe ons vir hulle geloer het?

Ons het Miss Sylvester gehad wat vir ons art gegee het. Haar neef was die bekende Victor Sylvester – die een met die groot dansorkes.

Miss McLean het Geskiedenis gegee. Sy was lief vir onvoorbereide toetse. As sy by die deur instap, kondig sy aan:

"Question Number One..." En dan moes ons skryf.

Miss Stott was destyds Prinsipaal. Sy het die assemblies gehou – 'n stukkie voorgelees en dan ons laat sing. Een van die meisies moes klavier speel en dan moes ons in die saal in marsjeer.

Daar was ook twee Misses Ritchie wat daar skoolgehou het – die een wat vet en die ander een maer. Om te onderskei tussen hulle, het ons die vet een Ritchie Plus gedoop, en die maer een (sy was van Suid-Afrika af) Ritchie Minus.

Ritchie Plus het Domestic Science gegee. As ek stout was in die klas, of nie mooi gewerk het nie, sou Ritchie Plus my naderoep om my op my hand te slaan. Maar sy het sulke warm hande gehad dat dit vir haar skoon ongemaklik was, en my hande was altyd koud. En dan het sy, as sy my hand vasvat, my 'n kompliment gegee op pad na die slae toe: "You have such nice cold hands."

Ons bynaam vir die Prince of Wales skool was The Cabbage Patch (ons het die seuns cabbages genoem – ons het dié bynaam se gebruik geërf by ons voorgangers, en daarom weet ek nie waarom dit nou huis cabbages was nie. Hulle bynaam vir ons was meer verstaanbaar – ons was die Heifer Boma).

Nie meer by hierdie adres nie

- Box closed

Basson, WJ (Miems) Basson, Paul Kruger str 92, Nylstroom 0510

Basson Mnr & Mev A. Verdoorn str 89, Barberton 1300
Davies, Mev JJ, Posbus 33771, Glenstantia, Pretoria,
0010

De Jager, Mnr & Mev, Hannes, Posbus 1, Radium, 0483
Du Toit, Heuvelsig Aftree Oord 33, Posbus 15223,
Centurion, 0046

Du Toit, Mnr & Mev. W, Posbus 41, Dassiepoort,
Fauresmith 9978

Elliot, Keith, P O Box 706, Johannesburg, 2000
Eloff, Mnr Fanie, Paul Kruger str 92, Nylstroom 0510
Enslin, MJ (Tienie), Bus 1259, Barberton, 1300

HABARI 2001

Newsletter of the Friends of East Africa
Nuusbrief van die Vriende van Oos-Afrika

Erasmus, PL. 13 Edzeen Village, Edleen, Kempton Park, 1619
Jones, George & Laurien, Hospital str 24, Nylstroom 0510
Klopper, Tom, 20 Ludwig str., Wright Park, Springs 1559
Kirk, Mr Rex, 9 Hillwood Road, George, 6530
Malan, Braampie, Rheeboeksvlei, Bredasdorp, 7280
Murphy, Herbert & Leslie, P O Box 3123, Pietermaritzburg 3200
Steenkamp, Mnr S, P K Clanor, 1351
Jansen van Resnburg, Mnr & Mev MJ, Rabie str 3, Lydenburg 1120
Van Veen, Willem, Bus 3684, Pretoria, 0001
Van Zyl, Maxine, Bus 277, Rooihuiskraal, 0154
Von Landsberg, GJ, Bosveld Park 27, 7de Laan, Naboomspruit, 0560
Welmans, Mnr Japie, Huis Vergenoeg A614, 33ste Laan 830, Villieria, 0186
Wienand, Mnr VA Posbus 1995, Pretoria, 0001
Woodley, George & Minnie, P O Box 13340, Lusaka, Zambia

Yvonne Enslin berig dat die volgende mense oorlede is:

- Japie Taljaard vroeër van Eldoret
- Poppie en Kobus Engelbregt
- Nico Smit (22.2.2001) seun van tant Gerrie en oom Nicolaas Smit
- Callie van der Merwe in Ceres in die Kaap. Sy vrou is Elmine (gebore Pohl)
- Johan Knobel in 1999
- Dirk Erasmus, seun van Tant Maria en Oom Abel Erasmus (stief broer van Johan Knobel).
- Chris Holtzhausen seun van Eugene Holtzhausen (Gebore Knobel)
- Grietjie van Wyk (Gebore Enslin) van Onse Tuiste in Pretoria
- Frik Daniels - Des. 2000 - vroeër van Thompson's Falls. Hy het op Warmbad gebly
- Esmé Dry (gebore Prinsloo) Feb. 2001 op Sasolburg

Oorlede

- James Flint Meintjies "Bobby" Born 13.4.1932 Died 14. 8. 2000. Buried in Tzaneen
- Frik Daniels van Warmbad is 20 Junie 2000 oorlede.
- Joof Lourens is 5 Mei 2000 oorlede
- Joe Kruger is oorlede February 2000. Hy het in Malelane gebly. Vroeër was hy in Nairobi en het hy vir Express Transport gewerk saam met Hendrik van Rensburg (Boet), toe vir Liebigs by Athi River. Sy vrou is al 'n paar jaar gelede oorlede, sy was van Tanzanië. Hy laat tweeling dogters en 'n seun agter.
- Scottie Meintjies is in Augustus 2000 oorlede. Hy was van Eldoret en bekend vir sy rugby speel.
- Esme Dry is 18 April 2001 oorlede.
- Kalie van der Merwe is in Ceres oorlede op die ouderdom van 81. Hy was in die onderwys in Bellville.
- Martha Laatz skryf haar man is 17de Julie 2000 oorlede. Hulle was 51 jaar getroud.
- Catherina van oom Jopie Korf is oorlede 24 May 2001

Koos Engelbrecht het sy vrou, Anna, op 30 September 2000, verloor. Hy skryf:

Dit was vir ons as huisgesin en familie 'n groot verlies... Ons mis haar ontsettend, maar word getroos in die wete dat sy veilig by ons Hemelse Vader in die hemel opgeneem is.

Die begrafnis was op 4 Oktober 2000 en hier volg die kort huldeblyk wat ek aan haar opgedra het.

So sal ons haar onthou vir bykans 38 jaar van saamwees

- vir haar voorbeeldige geloofslewe en betrokkenheid by haar kerk
- haar fyn agtergrond het deurgeskemer in alle fasette van haar kinders se opvoeding en besondere liefde vir haar kleinkinders
- haar talent het 'n besondere gestalte gevind in haar kunsnaaldwerk waardeur sy 'n wye vriendekring opgebou het, hier én in die buiteland
- 'n tweede gawe was haar liefde vir musiek. Sy het reeds in Kenia, haar geboorteland, opgetree as orreliste, en later ook in verskillende gemeentes waar sy 'n lidmaat was. Ek dink aan die aande na huisgodsdiens waar sy voor die klavier of orrel ingeskui het...
- die natuur, haar plante en diere het haar baie na aan die hart gelê

- die liefde en vrygewigheid waarmee sy 'n geskenkie versorg en uitgedeel het, het haar baie genot verskaf
- haar humorsin en aansteeklike laggie bly my by
- sy het blywende en opregte vriendskappe gesmee en was vredeliewend teenoor haar medemens
- haar gesonde lewensingesteldheid is weerspieël in die voorbereiding van elke maaltyd
- met ywer en met groot deursettingsvermoë was sy altyd vlytig. As 'n knap tuisteskepper kon sy oordeelkundig beplan en georden elke taak voltooi. In haar huis was warmte.
- netheid was haar trots
- sy was dankbaar en tevrede in alle lewensomstandighede, selfs in die laaste moeilike dae
- sy was altyd vir my mooi

Letters Briewe

Karibu
6 Diana Close
Constantia 7806
Dear Danie

Although my knowledge of Afrikaans is pretty poor, I nevertheless enjoy reading the newsletter. It is amazing, but I still remember every word of Swahili that I ever knew, but just seem incapable of learning another language now - particularly Xhosa. I think much of the little Afrikaans that I know comes from my days at the Central School in Eldoret (1929 - 1933)

Like many elderly people, I can't remember much of recent events (5 minutes to 5 years), but the last issue of Habari brought old memories flooding back to me, triggered by the reference to the rugby. I used to watch my brothers Wallace and George McDonald playing in Eldoret; also Jimmy and Norman Duirs, and at fullback was Mr Southey, whose wife taught at the school and beat the multiplication tables into us kids with a ruler across the knuckles! There

is a host of names of chaps that I recall from those days - too many to list, but no point in doing so anyway. Freddie Schermbrucher's name was mentioned (nephew of old Willie Shaw, I think); I met his widow (2nd wife) down here in the Cape quite a few years back, but have since lost contact. The Tweedie brothers came up from SA and farmed ELDALAT estate, which was next door to our farm ESOMUTH. I'm not sure they didn't eventually buy Esomuth as well from the bank, which had foreclosed on my dad just before he died in 1931. (Flax and locusts bankrupted him - maize was 3/- per bag). Brother Wallace worked at Lugari Sisal Estate to help keep the home fires burning and used to come in to Eldoret by motorbike to play rugby. Regrettably, he had a burst appendix in 1932, and old Doc Dundas couldn't save him.

Just a final episode. About 1926 or so, there was a Dr Le Roux had a practice at the top end of the main street in Eldoret - somewhere near Barclays Bank and opposite Standard Bank (Freddie Pohl!). He was joined by a dentist, one Dr Schlimmer who had the dubious pleasure of attending to me. When I moved to Johannesburg from Durban in 1962, who should be my next-door neighbour but old Schlimmer's daughter and her husband. When I saw the old boy, he swore he remembered the occasion in Eldoret! I expect I probably wet my pants with fright at the time!

It is good to go back in time now and again. The last time I went back to Kenya was in 1972, but my wife has been a couple of times since, the last in 1998 (I think) - she is not too complimentary about some of the things there, but our friends and relations still seem to lead a pleasant enough life.

Wishing you and yours, and *watu wote kutoka Afrika mashariki* everything of the best for 2001.
Sincerely Yours
Angus McDonald

HABARI 2001

Newsletter of the Friends of East Africa
Nuusbrief van die Vriende van Oos-Afrika

16 De Oude Pastorie
Gladstonestraat
Durbanville 7550

Lieve Danie
Baie dankie vir die Habari 2000 - interessant soos altyd; veral roerend is die bydrae van Colin Garvie.

Sou so graag betyds 'n stukkie oor ons tyd by die Goeie Hoop (Van Riebeeck Skool) wou gestuur het; hopelik sal dit vir 2002 wees, 50 jaar nadat dit amptelik as Van Riebeeck Skool ingewy is! 6 April. (Ons sien uit daarna)

Ek stuur jou inligting oor Chris se uiteidelike rusplek, na vele omswerwinge. Miskien kan jy dit oordra aan dr Piet Nel en van die Kenianers wat ons nog onthou. Die woonstel waarin ek bly, behoort aan ons seun Pieter wat hier naby woon. Hy en Louise het 3 kinders, die oudste, Chris, is Oupa se naamgenoot - nou 9 jaar.

Pieter se tweelingsuster, Susanne en haar man Johann Coetzee, woon in Tennessee VSA. Hulle het twee kinders: Gerrit (1) en Johanna (9).

CJ was onlangs in Kenia, die dogterskoshuis op Thompson's Falls het toe so pas afgebrand.

Warm Kenia groete
By Fourie

Nog meer van tant By Fourie...

Mantasoa is 'n meer geleë ongeveer 80km oos van Antananarivo die hoofstad van Madagaskar. Ongeveer 1990 het Chris saam met Scripture Union (S.U.) daar 'n terrein op die walle van die meer gekoop. Die doel hiermee was 'n kampeerterrein vir straatkinders en dis betaal met bydraes van Christen vriende in Frankryk, Switzerland en die RSA.

Dit was Chris se begeerte om in Madagaskar begarwe te word, maar aangesien die oorskot van 'n buitlander nie by Madagaskar mag ingeneem word nie, het ons hom laat veras. Selfs om die asse in te neem moes SU spesiale vergunning by die Minister van Binnelandse Sake (Madagaskar) kry.

Chris Johan, ons oudste seun, en sy vrou Jeanette, het Chris opgevolg in Magaskar en het die kissie met asse saam met hulle teruggeneem. SU het 'n gedenkdiens daar

gereël op Vrydag 10 April 1998 (Goeie Vrydag), soos ons ook hier op Donderdag 9 April 1998 in die Moederkerk, Durbanville. Dr Vosloo, ons predikant wat ons dwarsdeur Chris se siekte bygestaan het, het die diens gelei (ook by Benoni - Benjamin, Ds Stander). SU het alles ivm die teraardebestelling gereël vir 11 Mei 1998 wat Chris se 80ste verjaarsdag sou gewees het: Hulle het bv .busse kinders aangery (Rev. Emilien Razafiharison). Op Mantasoa het intussen 'n hele klompie gebou verrys - slaapsale, ablusieblokke, eetsaal en kookplek, 'n koshuis vir 35 kinders, 3 gastehuise en woonplekke vir opsigters, alles gebou met die ruwe rooi plaaslike klip. Water uit die meer is orals gratis aangelê deur Promiss ingeneurs uit die RSA. Die kamp wemel altyd. Straatkinders of kinders van Sondagskole, opleidingskursusse in evangeliesering of selfs konferensies. So het die eerste groep Christen hospital personeel na 'n konferensie geld geskenk vir die oprigting van watertoilette en storte!

Die voetstuk is van dieselfde rooi klip. Die steentjie (alles deur SU) het bo-aan die naam wat Chris aan die terrein gegee het en die SU-embleem onder. Die opskrif lees: "Ter gedagtenis aan Papa Chris Fourie, ware vriend van kinders volgens Mattheüs 18:5". Hy was orals bekend as "Papa Chris". Omdat ek nie in 1998 daar kon wees nie vanweë 'n operasie, het die kinders my in 1999 gestuur.

By Fourie

Grebdenrode 2000

Ahead, on the far reaching steppe you see Engare Nairobi on the slopes of Mt Kilimanjaro, a view which I beheld since the days of my childhood, when I was a pupil of the Kiliminjaro Country School, situated below Rongai (home of the Davidsons. Fiona later married Prince Isenburg) and governed by principal Booth, a sympathetic New Zealander. It was with homesickness I had my eyes rest on the green plantation in the distance, between its familiar hills. For the weekend I would go home following the footpath through grass and whistling acacias. This was in 1932 and the school was later transferred to Arusha in new buildings under headmaster Winjones.

Now it is July 2000 and we return to again view this unforgettable land of my childhood: Farm Landgrebe, named "Grebdenrode" from the family names of my parents: Carl LandGREBE and

Antonie RODEnacker, who were married in Tanga 1912 (then Deutsch-Ostafrika). I am accompanied by my wife Waldtraut, the son of my late brother George, Karl-Heinz and his family, including his son Thomas. So it came about that 3 generations Langrebe came to see this beloved land of their forefathers:

A German song relates:

*"The distance becomes near
the home has been reached -
but you, my brothers
I see nevermore!"*

We climbed the hills that once overlooked the former plantations, and the grass plains that extend to the far distance, where faintly the East African Rift Valley can be observed. Like a huge pyramid Mt. Meru (4565m) rises out of the plains, 40km away at Engare Nanyuki.

Coffee has disappeared, but many trees formally planted by my father have survived up to 75 years. Silver Oaks, Blue Gums and Casuarinas. The watercourse, once surveilled by my father, has been replaced by water pipes. Instead of agriculture a veterinary station has been established. I visited the office and signed the visitors book:

*Shamba ya bwana Carl Landgrebe 1925-1940
Wangereza umechukua sahmba yetu na
umefukusa sisi yote
Bila haki. Mimi Herman Landgrebe ni Haki
mwenyewe ya shamba. (I am the rightful owner).*

We put up our tents at Harsani Abolala Sawa's place on our former land. His father Abdala bin Idi was a former headman on our plantations, and through as many years have remained in touch with these devoted friendly people.

Further above, on the Olmolog road the village of Engare Nairobi has extended. Swarms of inquisitive children overlook the wazungu who come shopping at the local duka. Is there a future for them in the post-Nyerere era, which has brought poverty to the nation?

We part with a feeling of ongoing community with this unforgettable land of my childhood.

Hermann Landgrebe.

GEDI the Lost city

Extract from a book by Edward Rodwell (1946)

Written in 1946

Ten miles south of Malindi lies the ruined city of Gedi. Until a few years ago the grey walls, weathered by centuries of tropical sun and rain, had lain jungle-locked . . . hidden from the prying eyes of man. The unveiling of this mysterious and lost city has given us a glimpse of a colourful civilization that once flourished in the peaceful days . . . before the urge for domination changed the fertile coastlands into battlefields.

History records that on the coast of East Africa at a time between the year 1000AD and the coming of the Portuguese in 1498, strongly built and beautiful towns were established. In the main cities there were sultanates where local rulers lived in an atmosphere reminiscent of the 'Thousand and One Nights.' In the streets traders from the East bartered for precious metals, spices, ivory, aromatic woods. At the busy ports sailors from Arabian and Persian ships, smuggled, fought, or talked of their calling, of winds and calms and seacooks, much as sailors do this day. Of those times we have one living thing left as a memory. We know that the language for a ship and its rigging, its sails and the orders given by the master are, in modern Kiswahili the same terms as used by the sailors in the days of Haroun Er Rashid, onetime Sultan of Baghdad, of whom Sinbad the Sailor was a subject. This sailors' language is unchanged after a thousand years.

It is not much consolation to know that a language that you and I can speak today, was used in Mida creek, the port of Gedi, by Sinbad the Sailor, ten centuries ago. For all other traces of the once busy place are now almost crumbled to dust. A few ruined walls remain from which almost crumbled to dust. A few ruined walls remain from which to cull the story of what was once a thriving city. One day, when clever people come and investigate what is left of Gedi, we might know the truth of the story. Until then we can only speculate.

KITALE SCHOOL REUNION

On 14 October 2000 there was a reunion of the Kitale School at Hofmeyer House at Wits University. Many of us last saw each other when we left school. That, needless to say was a long time ago for most of us. Richard Statham reminded us of the special words that we as school children

used. We looked at each other's reports and photographs from school days and made the appropriate comments.

If anyone is interested in hearing more about the Kitale oldies and getting the news letters you can contact Alison McLean (nee Jacobs) at 011-793 5274 in the evenings or HYPERLINK "mailto: amclean@chiron.wits.ac.za" alternately Carol Cooper HYPERLINK "mailto: 118pcc@cosmos.wits.ac.za" or her phone at 011-71714 83

...Dear friends

I am trying to find my family from Kenya, can anyone assist me? I am looking for contact details of any of the following.

- 1 **Johan Bezuidenhout**, a lawyer, lived in Bez Valley, son of Dolly Killian.
 - 2 **Alletge Kilian, Anthony John Kilian, or Dallas Maria Kilian**, possibly in the Pietermaritzburg area, all children of Will Kilian / Shirly Elizabeth.
 - 3 **Loffina Kilian**, I think she was married to Kahn? daughter of Oubles and Loffie Kilian.
 - 4 **Samual and Dalena Hermina Kilian** - children of Sam Kilian and Maria Ehlers - possibly Krugersdorp area?
 - 5 **Jors Joubert** - I think in the Tzaneen area?
 - 6 **Tina Joubert** - married to Kloppers.
 - 7 **Sophie Joubert**, married to a Visser.
 - 8 Or any of the Malan children: **Rina (married du Toit), Sophia Malan, Petrus Johannes Malan or Martinus Laubser Malan, all children of Hendrina Kilian and Petrus Malan.**
- Regards
Chris Kilian

My broer Wessel was nou in Kenia saam met 'n sendeling om 'n stasie daar te begin op die grens tussen Kenia en Tanzania by Loita. Op pad het hy by die La Belle Inn aangegaan op Naivasha en daar net hy vir Mark Kariuki ontmoet wat 'n venoot in die besigheid is sy vrou Susan Kariuki vra, " My name is Susan Wangechi Kariuki. My father was William Henry Crouse from Rumuruti in the district Laikipia. My step sister's name was Christine married to LB Taylor, she had two sons, one's name was Peter. I would very much like to make contact with them again."

Van Gert Barnard...

Jambo Kaburs...

Ek wil graag die woord "Kabur" wat ons Afrikaners in Oos-Afrika genoem word, definieer. Ek wonder wat ander daarvan dink. Is dit dark Kapila Swahili vir "tribe" en dus Boer? Dus - die verkorting van Kakila ya Boer - Stam van Boer.

Dit was nog altyd my persepsie dat daardie Watu (mense) gedink het dis spot as iemand so beskryf word. Oral waar ek myself voorgestel het as 'n Kabur, was hulle erg geamuseerd, omdat hulle gemeen ek het dryf die spot met myself. Dan het ons gewoonlik goed oor die weg gekom. Hulle het mos feitlik deur die bank 'n besondere sin vir humor.

Toe Anna en ek 'n paar jaar gelede op die strand van Jardini suid van Mombasa 'n groepie Masai Impis teekom met kamele waarmee hulle oorsese toeriste vermaak, was hulle verwonderd oor hoe vlot ons Swahili was, en wou weet waar ons dan woon?

Toe sê ons dat ons Mandela se mense is. Die een sê toe dat Mandela hulle in Kenia besoek het, en dat hulle toe vir hom gesê het hy moet van hulle Masai Murani saamneem om die Kaburs in sy land van die gras af te maak. Ek sê toe ek glo glad nie dat hulle - die Masai - dit wil doen nie, want voor Uhuru het baie Kaburs vir baie jare vreedsaam met die Masai verkeer.

Toe hy 'n bietjie ongelowig voorkom, sê ek dat ek 'n Kabur is en of dit dan nie vir hulle 'n goeie kans sal weesom van eenontslae te raak nie? Na hy my stop en af bekyk het, sê hy: "Wewe hapna mbaija sana" (Jy is mos nie so vreeslik sleg nie, en toe het ons almal veskriklik lekker gelag).

Ons seun Anacreon van Dubai is met sy gesin op die oomblik in Kenia met vakansie waa hy laat weet hoeveel pret hy het met die Watu en die Swahili. Hy sê hulle wil glad nie aanvaar nie dat hy 'n Kabur is maar wel 'n Wasugu (blanke).

Vir dié van julle wat moontlik belangstel, noem ek graag die wonderlike seereis was ons twee maande gelede kon geniet - vanaf Engeland tot in Kaapstad - op 'n geweldige groot vragskip van 72000 ton, wat 3000 ouers en 6 passasiers aan boord gehad het. Die 17 dae op die oop see was vir ons 'n besondere ervaring - en hoe heerlik om deurgaans sos Wasungu bedien te word.

Liefd en goeie wense aan julle almal vanaf Somerset-Wes

Gert en Anna Barnard